oor die dinge van belang

LAURIKA RAUCH se nuwe plaat, *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, is verlede Donderdag vrygestel en het sedertdien baie aandag getrek. HANNELIE BEKKER en SUSAN BOOYENS het by haar huis met haar gaan gesels.

Ek en Susan kom halfpad deur die aand eers by Laurika aan - na die kinders gaan slaap het, het sy laat weet. Ons loop deur die herfslug (ons hoop sy's regtig so stunning), ons arms vol blomme (sy móét wees, haar musiek sê so), verby die donker sipresse in haar tuin. By die voordeur nooi sy ons in: die koffie is reg en dankie vir die blomme; ons moet solank sit terwyl hulle water kry.

Teen die een muur staan 'n kas waarvan ons ons oë nie kan afhou nie. Dit is van bo tot onder vol Matisse-afdrukke geplak en regtig te mooi vir woorde. Toe sy inkom, die blomme klaar versorg, vra ons daaroor. Matisse, sê sy, is 'n liefde van haar: dit gaan, pluis ons uit, oor die tekstures en oor die vloeiendheid, maar veral, veral oor die coherence - die harmonie en die heelheid daarvan.

Ons sit ons bandopnemer aan en probeer 'n mooi amptelike onderhoud voer. "Hoe kom dit," vra Susan, "dat die Tukkies se pet kunstenaar 'n oud-Matie is?"

Laurika lag: "Is ek regtig?" wil sy weet. Dan antwoord sy: "Al wat ek kan raai, is dat die mense van Pretoria die vermoë het om buite hulle grense te dink, in plaas daarvan om net te internaliseer. Verder dink ek dat my Kaapse agtergrond van my dalk Afrikaan maak, eerder as byvoorbeeld spesifiek Transvaler. Dit het alles te doen met - my favourite woord - verwysingsraamwerk."

> *"Probeer ten minste vaspen*
> *'n bietjie van die aard*
> *van die dinge wat jy liefhet en onthou*
> *soos ons ernstige woorde*
> *oor die dinge van belang..."*

Die gesprek loop skielik die gevaar om 'n duisend systraatjies in te verdwaal: oor verwysingsraamwerk sou ek haar graag wou vra, en oor Afrikaan-wees; oor Pretoria en die Kaap en oor die hele wye land van ons. Dis tyd, besef ons, vir 'n bietjie struktuur. "Kom ons begin weer," sê ek, "en dié keer by die begin: jou kleintyd."

Sy begin vertel, en die prentjies wat sy oproep, is van 'n gelukkige en stimulerende kinderjare: "wonderlike ouers," sê sy, en "ons het die hele wêreld platgesing". Voor sy kon lees of skryf, het sy teorie gedoen en haar planne was vir 'n loopbaan in klassieke musiek. Toe, standerd agt se kant, besef sy van nee. Op 'n dag sien sy 'n film wat 'n besondere indruk op haar maak en tuisgekom, deel sy haar ouers mee: sy wil nie drama gaan swot nie, sy móét drama gaan swot. Klaar gepraat.

Sy skryf in by Tukkies, kry plek in Erika, maar besluit op die nippertjie Stellenbosch is waar sy eintlik wil wees. Daar bly sy vir 'n halfjaar in 'n koshuis voor sy saam met twee vriendinne intrek in 'n woonstel wat deur 'n argitek gerestoureer is: "regtigwaar nogal something else. Ons het vier wonderlike jare daar deurgebring, al ons eksamens deurgekom, almal kop bo water gehou - dit was werklik 'n besondere tyd."

> *Ek kan in 'n ruimte sit waar niks anders is as lig nie en tevrede wees.*

Na universiteit gee sy vir 'n heerlike jaar lank onderwys by die Roggebaai Training School. 'n Ruk gaan verby waartydens sy glad nie sing nie. "Ek was altyd bekend as die meisie met die kitaar," vertel sy. "Ek was vreeslik stil en teruggetrokke - ek is na partytjies genooi spesifiek om kitaar te speel, want woorde kon ek nie praat nie. Niemand het geweet wat in my kop aangaan nie, maar almal was mal oor my spelery." Sy lag en probeer dan haar bes om tragies te lyk: "Ek het gewéét hulle nooi my net daarvoor - glád nie vir myself nie."

Hierna vind sy haar pad Transvaal toe, waar sy aansluit by Truk-speelwerk. Die tyd wat sy by dié geselskap deurbring, is vir haar wonderlike ondervinding: die mense is kreatief, die werk stimulerend, en dikwels tree sy (met groot vreugde, vanselfsprekend) as musiekregisseur van produksies op.

Weg by Truk hou sy weer 'n bietjie skool, vryskut bietjie en ly heelwat honger. Dit is eers met die - vir haar verrassende - sukses van *Kinders van die wind* wat haar loopbaan regtig sy eie loop neem en haar met hom saamvat. In 1979 neem sy haar eerste plaat, *Debuut*, op en van toe af is sy 'n huishoudelike naam en haar storie bekend.

> *Towards understanding - dis hoe ons werk.*
> *Die enigste rede hoekom jy entertain, is om mense te bereik.*

"Speaking of which," sê Susan, "hoe voel dit om Laurika Rauch, die bekende kunstenaar, te wees?"

Sy dink 'n rukkie. "Dis 'n voorreg. Dis ongelooflik om op die verhoog te stap en te weet die massa mense voor jou wou spesifiek vir jou kom luister. Dis 'n ideaal vir enige kunstenaar: die enigste rede hoekom jy entertain, is om mense te bereik. En as jy 'n bekende naam het, is dit net soveel gouer - 'n korter pad wat jy na hulle harte moet loop. Dis 'n groot geskenk en nie iets wat ek ligtelik opneem nie. Ek voel dis iets wat met verantwoordelikheid hanteer moet word."

Die gesprek loop só dat ek tog kan vra: "Laurika, jy praat dikwels van jou verwysingsraamwerk. Is dit vir jou 'n belangrike konsep?"

"Kyk," sê sy "as ek nou iets sou beleef, wat ek tien jaar gelede ook beleef het, sal my ervaring daarvan noodwendig anders wees - omdat my verwysingsraamwerk intussen verander het. Dit het te doen met verworwe kennis, met verworwe assosiasies ook. En met begrip: hoe meer dinge aan jou raak, en hoe meer dinge só aan jou raak dat jy hulle moet assimileer, hoe meer begrip het jy vir jou medemens en hoe meer werklike pit kan jy in jou werk sit. Towards understanding - dis hoe ons werk."

Met 'n ompad kom ons uit by *Stuur groete aan Mannetjies Roux*. Hoe voel sy daaroor?

Ek is baie opgewonde. Die plaat het al soveel reaksie uitgelok vandat dit vrygestel is. Ek kom mense in die supermark teë, ek loop kollegas raak, ek loop kollegas van my man raak, en elkeen het iets te sê oor die plaat, so ek is soort van saam met die volk bly daaroor."

Die titelsnit self, vertel sy, het sy ontstaan te danke daaraan dat haar man, Chris Torr, een oggend 'n video gesien het van Elton John se *Candle in the Wind*, met pragtige slow-motion footage van Marilyn Monroe. Dit het hom aan die dink gesit oor die moontlikhede van 'n liedjie oor 'n Suid-Afrikaner wat sterk was en die resultaat is *Mannetjies Roux*. Dit is 'n amper pynlik-eenvoudige ballade: 'n dogtertjie sing oor haar oom wat boer waar die son te veel en die reën só min is; sy sing van haar verdriet oor die droogte, maar ook van die verdriet oor haar arme oom, wie se laaste boodskap een is van groete aan Mannetjies.

Ook *Kyk hoe glinster die maan* se liriek is deur Chris; dan is daar die wonderbaarlike *Dry Land* van Joan Armatrading, ook *Nostalgie* en *Blou*...en 'n sekere stemming begin deurskemer: "Die basiese inslag van die plaat, dink ek, is 'n soort nostalgie - nie net vir die verlede nie, maar ook half vir die toekoms - julle weet, daardie gevoel van verlang na mense wat jy geken het, maar ook half na party wat jy nooit geken het nie en nooit sál ken nie - 'n soort gesuspendeerde gevoel. Ek hou daarvan om dit te beskryf as state of the art sekere ingesteldheid, 'n manier van praat, 'n manier van dinge visueel te ervaar." Sy lag: "Ek het ná ek met Chris getrou het, gehoor dat 'n Oos-Kapenaar die beste catch is wat jy kan maak."

nostalgia - nóú-nostalgie.

Ons gesels verder, ons tweede koppies koffie deur: wat van die toekoms? Wil sy byvoorbeeld nog shows doen, kabaret-te?

"O, ja," sê sy, "ek sal graag ten minste een keer 'n jaar daardie tipe kwaliteit-werk wil doen. Ek is gelukkig om te sing, wat ek ookal sing, maar as ek regtig my tande in iets kan slaan, soos in die kabaretliedjies, dan weet ek: this is where I want to be."

Ons tape begin volraak, dis laterig, en dié vrou het 'n vol program, weet ons. "Innige dank," sê Susan; "dit was gaaf van jou," sê ek.

"Ag," sê Laurika, "wil julle nie gou die video van *Blou* kyk nie? Ek sal dit vir julle wys as julle belowe om te freak daaroor."

Ons belowe sonder voorbehoude: dis 'n regte-egte sneak preview wat hier ter sprake is.

Blou, gemaak deur André van den Heever, lyk soos geen ander Afrikaanse musiekvideo voor hom nie. Dis blouerig geskiet, met net Laurika en 'n saksofoon-speler: classy, gesofistikeerd en baie, baie sexy. Dis nie moeilik om daaroor te freak nie.

> *Ek vind dat as ek byna séérkry van liefde vir my kinders en my man, dan is ek heeltemal ontbloot om ander dinge te ervaar, ander dinge te skep.*

Die gesprek dwaal hiernatoe en daarnatoe: oor Peter McLea se unieke verwerkings praat ons bietjie, en oor Houtstok, en oor die moontlikhede van kabaret op video. Dit word laat: die hond raak aan die slaap in die hoek en die dik swart kat spin al hoe luier langs my.

En ons praat al hoe sagter, oor wat ons gelukkig maak: "Huislike harmonie," sê Laurika, "vorm vir my die basis van enigiets anders wat ek doen. Ek vind dat as ek byna séérkry van liefde vir my kinders en my man, dan is ek heeltemal ontbloot om ander dinge te ervaar, ander dinge te skep. As mens dit sou sien as 'n skildery, dan moet my canvas styfgespan wees en dié canvas is vrede in my huis."

Ons is regtig op pad, nadat wat as 'n onderhoud begin het, tot 'n heerlike kuier ontwikkel het, as Susan wil weet: "wat laat jou tiek?"

"Oh, my goodness," sê Laurika, "dis moeilik. Ek het 'n spesifieke preokkupasie met hoe lig inval. Ek kan in 'n ruimte sit waar daar niks anders is as lig nie en tevrede wees. Ek weet nie of dit enige ... wel ... lig werp op wat ek doen nie. Dis iets wat ek nie kan beskrywe nie, maar dis vir my verskriklik belangrik. As ek buite onder die boom sit, wil ek weet hoe die lig val; hoe die lig lyk in die herfs, hoe dit lyk in die lente, hoe lyk dit dié tyd van die dag, hoe lyk dit daai tyd van die dag; hoe reguit val hy in, hoe skuins val hy in; hoe geel of hoe wit val hy in; waar val hy in en waarop en vir presies hoe lank ... dis vir my verskriklik belangrik - maar natuurlike lig, son.

"Dis ekstern en dit beïnvloed alles eksteties om my, enigiets wat in my huis is, of wat ek daar buite ervaar, ervaar ek vanuit hoe die lig daarop val."

En intern dan?

"Intern wat my laat tiek, is stilte - stilte en harmonie, ja - dis al."

Dis middernag se kant as ons afgesien word - deur die skoon nag, verby die stil bome.

Lig en stilte, het sy gesê. En liefhê ook, en harmonie. Dis al.

En dis genoeg.

Hou Die Perdeby dop vir 'n kompetisie waarin kopieë van Laurika se nuwe plaat gewen kan word.